

Maandag 27 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 106:1-5, 45-48

Fokusgedeelte: Psalm 106:1, 3, 46

Genade selfs deur gevangenskap

Om toegesluit in gevangenskap te sit, is seker een van die grootste vrese vir meeste van ons. Daar waar jy uitgelewer is aan mense wat 'n tipe absolute mag oor jou het. Of daar waar jy tussen ander geharde misdadigers moet oorleef.

Maar dit is juis in hierdie situasie dat die troos van die Here ook weer na ons toe kom vandag. Ons moet die Here prys omdat Hy goed is, en sy goedertierenheid tot in ewigheid strek, volgens vers 1. In vers 3 wil dit voorkom of die Psalmdigter wil roem op die feit dat hy die reg bewaar en geregtigheid doen. Maar wanneer ons die hele psalm lees, sien ons vinnig sy negatiewe geskiedenis saam met sy volk. Uiteindelik tot in die gevangenskap van ballingskap waarin hulle weggevoer is.

Maar dan sien ons die genade, in vers 46 sien ons die genade van die Here hou nie op by die tronkdeur nie. Hy laat die mense wat Hy uitverkies het selfs genade en medelye vind by die mense wat hulle in gevangenskap hou. Uiteindelik is dit ook waar van ons wat uit die gevangenskap van die sonde uitgered is, in die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus.

Waarlik, daar is geen einde aan die goedheid en goedertierenheid van die Here nie. Dit sterk selfs deur gevangenskap tot in die ewigheid in.

Sing: Psalm 106-1:2, 19

Ds. FR (Franscois) Pretorius (Phalaborwa)